# Lesing 35 - 15 April 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 41 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 23/10/18

"MY kind jy was saam met MY in jou benoudheid en in jou bekommernis. Jy het MY aangeroep en een nag toe jy MY aanroep in die trane van jou oë en sê: 'Ek wil U sien. Waar is U? Ek verlang so na JaHshua! JaHshua... JaHshua... Ek wil U sien..." So was jou woorde aan MY met 'n vurige Liefde vir MY. MY kind, EK is getrou en wanneer julle dink dat benoude situasies 'n afwesigheid van MY beteken, dan is julle heeltemal verkeerd. Veral as julle aan MY Hand vashou en MY nie los nie en roep vir MY teenwoordigheid.

In die begin het EK vir MY eerste Adam en Eva gesê dat hulle altyd en eerstens hulle harte vir MY moet offer as die beginpunt van enige saak, besluit of taak wat hulle aanpak. Het julle agtergekom dat EK weer hierdie selfde Gebod aan julle gegee het? Gaan bietjie terug en gaan kyk. **MY Gilgal Liefdeskindertjies, MY Gilgal vaders en moeders - dit is met julle waarmee EK nou gesels in die lewensbron van julle harte.** Deur om julle harte vir MY te offer elke dag en elke uur beteken om afhanklik ononderbroke met MY te wandel soos 'n beste Vriend of broer. So word daar vir MY 'n Huis van Liefde opgerig vervolgens die Gelofte en MY Beloftes gaan dus oor in die Bekragtiging fase met MY Wysheid en Barmhartigheid. EK IS! EK IS HY wat Getrou is en MY Woorde staan vas tot in alle Ewigheid der Ewighede van tye!

EK WIL so graag dat julle soos 'n Jarah vir MY moet wees: 'n Lewende, huppelende en geloofvaste kind wat MY bo ALLES liefgehad het en toe EK saam haar gewandel het, het sy MY vasgehou en nooit gelos nie. EK is nie 'n EL wat onbereikbaar is iewers daarbo nie! Nader tot MY met 'n opregte hart en EK sal tot julle nader. Vandaar sal EK en elkeen van julle vir ewig rondwandel en vrolik rondhuppel en EK sal aan julle alles toon van MY LIEFDE en Krag. MY Vaderhart smag na 'n Jarah! Maar julle sal moet begin om te glo, vas en standvastig te GLO in MY en MY Woorde. As EK iets gesê of beloof het, dan sal dit geskied volgens MY Getroue Wil! As julle net binne MY LIEFDE kom, saam met 'n vaste Geloof, dan sal julle sien hoe MY Woorde en Beloftes soos 'n skouspel van MY Hemele gestand doen en waaragtig in werking kom! Julle moet die vrees en bekommernis uit julle lewens verdryf deur julle siele en harte al meer nader en nader aan die Gees te bring! EK sê dit omdat die vlees, die wêreld en die begeertes daarvan julle siele doodmaak en julle in **vrees, louheid, luiheid en bekommernis** dompel! Julle moet begin LEWE in MY, die EWIGE LEWE SELF! EK bring nie dood nie, daarom, kom na MY om te LEWE. Maar, eers sal julle moet sterwe in die wêreld om hierdie LEWE te ontvang vanaf MY, die Barmhartige!

Maar onthou MY Gebod: Offer julle harte vir MY, want **EK sê: Geseënd is die hart wat Liefde verkies!**

MY kind gee hierdie aan MY skape want EK is hulle Herder en hulle moet almal na MY toe kom in hul harte."

Openbaring 42 ontvang op 02/11/18

"Wees gerus MY kneg, dit is EK, EK IS WAT EK IS!"

My MEESTER Majesteit JAHSHUA JAHSHUA!!!

"Ja MY kind, EK IS! EK bring Lewe en Verlossing vir jou! EK bring Lewe en Verlossing vir MY Volk! **EK Bekragtig jou en elkeen van MY ander knegte soos EK hier spreek!** EK IS WAT EK IS! GLO dit en omhels MY **Getroue Woord** met jou hele wese en word nou een met MY. MY kneg, die voortdurende moegheid wat jy ervaar is deur MY as beeld om vir jou te wys dat die Aarde moeg is. Sy is moeg. Die voortdurende trane wat oor jou aangesig loop en soos 'n fontein wil oopbars, dit is MY beeld vir die Barmhartigheid en Verterende Liefde vir MY eiendom: My lieflings-kinders! EK IS JAHSHUA en EK IS, Ewig Lewend omdat EK die LEWE Self is. EK is die Liefdevolle VADER wat vrolik is en wat Lieflik uitsien na die Tyd van die tye! Hoe WONDERLIK bo alle bewonderinge dit ook al mag wees en hoe MY WOORD EN MY OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE MY soveel VREUGDE verskaf, MY kind, verstaan dat EK, hoe ALMAGTIG en ENIG EK IS, EK, net soos EK julle geskape het, het EK ook 'n HART. Daarmee wil EK sê dat tussen al MY Vreugde van Volmaaktheid, trek MY HART swaar vir MY kinders wat verlore gaan en MY kinders wat MY verwerp. MY HART, so ALMAGTIG as wat EK IS... MY HART... ween...

Voel MY. MY kind, aan jou gee EK MY gevoel, maar net vir 'n kort oomblik omdat dit jou sal verteer en jy sal sterwe. EK ALLEEN kan ALLES dra en ALLES voel. EK IS julle liewe VADER, **en julle moet verstaan dat die Tyd aanbreek van die Profete en Profesieë vanuit MY VADERHART!**

Wees rustig MY kind, EK verseël jou hart met MY LIEFDE. EK plant in jou hart, Vrolikheid van Hart!

Sê aan MY Boerevolk dat EK hulle streng vermaan met volle ERNS om te oordink wat om hulle aangaan. Sê aan hulle dat hulle vir 'n oomblik ALLE gedagtes en bedrywighede moet staak, om met ERNS te oordink... EK wil hê dat julle oë en ore geopen moet word sodat julle die **slinkse wapens van MY teenpool** en hul volgelinge kan SIEN! **MY Wysheid en Waarheid sal dit aan julle openbaar en Sy sal julle in die volle Waarheid lei.** EK spreek nou in ERNS dat julle jul luiheid moet staak en die dwelms van die wêreld moet los! NIKS is onmoontlik by MY nie, as julle net MY Krag wil aanneem deur om MY julle ALLES en julle EERSTE te maak met volle GELOOF in MY.

Jakob, **jou broer Esau is teen jou** en hy loop rond en loer op jou weë. Hy is slinks en wil jou uitmoor nes Kain met Abel gemaak het! Kain het die slang gehoorsaam en teen MY rebelleer en die bloed van

MY regverdige moes deur MY Aarde gedrink word. Net so gebeur dit tans! Die siele van MY regverdiges roep en pleit tot MY en vra MY wanneer EK wraak sal neem oor die ongeregtigheid wat oor die Aarde heers!

Jakob! Jakob! Berei voor vir MY Ewige Belofte!

**Gilgal! MY kneg, spreek saam met MY, soos een! GILGAL!**

**MY Oogappel! MY Hoeksteen-Volk!** EK sê dat dit is oor julle wat die hele wêreld sal struikel en val soos Kain oor die klip geval het! Edom het die LIG van MY Klipwiel waargeneem, maar die LIG kan hulle nie verdra nie omdat hulle **euwel-besmette bloed dra, gemengde DNA!** Hulle sweer beloftes af aan hulle meester en gehoorsaam hom deur alles in hulle vermoë te doen om die LIG te verniel **tesame met julle wat met MY LIG verseël is.** Hulle ontvang krag en kennis van benede deur middel van die gebruik van **tegnologie om julle te probeer uitlok na die valse lig van duisternis!** Tesame daarmee gebruik satan sy **besoedelde gedrogte en geeste om julle vlees en sy begeertes aan te wakker om sodoende julle siele tot 'n val na benede te bring! Op elke vlak staan Edom tee julle!**

EK, die ALMAGTIGE, die OORWINNAAR van die dood! EK sê nou aan julle dat julle moet ontwaak! Ontwaak in MY! Op ELKE vlak en deur ELKE sintuig, ontwaak! Die LIEFDE ontbrand en die Oordeel is oor hulle wat MY en MY Eiendom vervolg en vervloek!

**Dogter van Sion! Neem die Wapen op van MY LIEFDESWAARHEID** en met ywerige vinnige voet en hand, bestry en veg teen alle besoedeling! Maar EK gee aan julle MY geheim: As julle MY julle ALLES en EERSTE maak, **dan is die geveg geen geveg nie, omdat EK dit dan klaar vir julle oorwin het!** DIT is MY Krag en nog meer, oneindig meer! Volhard en neem toe in julle strewe om op elke vlak MY LIEFDE te doen deur om altyd MY EERSTE te raadpleeg in julle harte en dan MY Opdrag gehoorsaam uit te voer. EK moet julle kan vertrou, omdat EK sê dat, as EK julle nie met min kan vertrou nie, waarom sal EK vir julle dan baie kan gee?

Aan al MY kinders, manne en vroue, jongmense, berei julle nou voor in hierdie tyd om julle siele ryp te maak met **DADE van LIEFDE en toenemende opneem van MY Brood en Wyn.**

MY Aarde is moeg en is omhul in geboortepyne! Sy wil verlos word! **Julle moet MY Banier dra: LIEFDE!**

Hierdie sê EK weer: **Geseënd is die Aarde deur MY Bloed gekoop!**

MY kneg, maak gereed om MY ander aan jou te plaas, want aan MY moet jy gehoorsaam wees omdat EK MEESTER IS oor alles en elke knie sal voor MY buig!"

Majesteit Meester JAHSHUA!! U is my ALLES!